

23 September

Skrifgedeelte: Romeine 4:16-25

Fokusgedeelte: Romeine 4:18,19

Goeie nuus: Die moontlikheid van die onmoontlike

Jy moet veral Romeine 4:18 weer lees én nog 'n keer. 'n Brokkie goeie nuus word in dié vers weergegee wat vir elke dag belangrik is. Van Abraham kan jy leer hoe 'n geweldige krag geloof in jou lewe kan wees. Geloof in die goeie nuus van Jesus Christus maak die buitengewone krag en uithouvermoë in jou wakker sodat jy kan glo dat God die onmoontlike moontlik maak. Te midde van én ten spyte van die soms baie onmoontlike en hopelose situasies van elke dag is kinderlike geloof die wegspringplek om opnuut te besef dat God se beloftes 'n groter werklikheid is as die harde, uitsiglose en hopeloosheid van 'n stukkende lewe.

Lees oor Abraham en dink na oor hierdie geloofsman. Die harde werklikheid van sy moeilike omstandighede het hom nie permanent in vertwyfeling gedompel nie. Kinderlik bly Abraham glo dat dit wat God belowe het, nie net 'n onrealistiese moontlikheid is nie, maar 'n werklikheid wat God waar sal maak. Abraham se liggaam was reeds afgetakel en Sara te oud om kinders te hê. Die Here het groot offers van hom gevra en tot kort voor sy dood het Abraham nog nie die vervulling van God se beloftes gesien nie. Abraham het hom nie van stryk laat bring nie. Hy het nie in ongeloof aan God se goeie nuus begin twyfel nie. Sy uitsig op God se belofte was vir hom as gelowige meer werd as die hopelose situasie wat hy in die hede beleef het. Abraham het bly glo dat God die waarmaker van sy woord is.

Wil jy nie hierdie voorbeeld van Abraham se geloof in jou lewe navolg nie? Die evangelienuus van vryspraak deur Jesus Christus het praktiese waarde. Al het jou omstandighede nog 'n invloed op jou lewe, is jy beslis nie meer 'n slagoffer van jou omstandighede nie. Die enigste slagoffer is Jesus Christus wat jou vryspraak verdien het. Hy lewe en sy Vader het bewys dat Hy magtiger is as die "dood" wat Abraham en Sara in hulle omgedra het.

Die belofte aan Abraham dat al die volke van die aarde in hom geseën sal wees, is in Jesus Christus vervul. Die goeie nuus is: jou Verlosser is uit Abraham se nageslag gebore! Abraham is vrygespreek omdat hy geglo het. Hoekom begin jy nie vandag reeds om voluit uit God se beloftes te leef nie? Vertrou gelowig op Hom wat die onmoontlike moontlik maak, ook vir jou. In die geloof kan jy nadink oor wat God vir jou moontlik kan maak. Moenie twyfel nie. Onthou die goeie nuus is dat jy vrygespreek is, uit genade deur Hom wat altyd doen wat Hy belowe.

Sing: Psalm 42:5

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)